Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.





Jrg. 10 Kaapstad, 24 Januarie 1951 Prys 3d. No. 8

Bedenkings Teen Die Partystelsel

„In ons tyd wanneer talryke vraagstukke so dringend en ingewikkeld geword het dat dit 'n besadigde benadering vereis, is dit twyfelagtig of die voortdurende uitbreiding van die partypolitiek na nuwe terreine en die neiging van die L.V. om homself eerder as die soldaat van sy party as die verteenwoordiger van sy kiesers te beskou, tot voordeel van die volk is. Daar is alreeds 'n kommissie wat ondersoek moet instel na die pers; dit is waarskynlik wenslik dat daar ook 'n kommissie benoem word om die politiek na te speur." Aldus skryf die Cape Argus in 'n hoofartikel.

Die blad sê dat „die Britse parlement vir 'n hele paar eeue geheel-en-al sonder die partystelsel fungeer het."

„Toe partye ontstaan het was hulle lossies georganiseer en hulle het min beperkinge geplaas op die vryheid van hulle lede. Selfs nog in die twintigste eeu kon sommige partylede vir die ander party stem en ander partylede kan onafhanklike menings uitspreek, sonder dat hul optrede nou juis as buitensporig beskou was. Deesdae het die party-dissipline so dwingend geword dat 'n veranderlike parlementêre loopbaan, soos mnr. Churchill s'n, 'n totale onmoontlikheid geword het."

V.S.A.-Blad Twyfel Aan Empire Se Steun

Twyfel van die bereidwilligheid van die Britse Empire om by Amerika te staan in geval van 'n oorlog met Rusland word uitgespreek in die jongste uitgawe van die Amerikaanse weekblad Time. Die blad verwys na die konferensie van Empire-premiers en haal dan die brawe woorde van die Londense Time And Tide aan: „Die Britse Statebond wat oor elke aardrykskundige indeling van die wêreld strek en die lojaliteit van miljoene vry mense van alle kleure en baie rasse kan aanvuur, is 'n mag wat in bondgenootskap met Amerika die Russiese Leviatan onbevrees in die gesig kan kyk."

Hierop laat Time volg: **„Of hy die V.S.A. bereidwillig sal volg indien die Verenigde State ferme en besliste stappe teen die Leviatan en die Leviatan se oorlogsugtige Sjinese kroos gaan doen, is 'n ander vraag."**

Britse Polisie Roep Hulp In Van Hollandse Waarsêer

Scotland Yard, die beroemde Britse speurdiens, het verlede week die hulp van 'n Hollandse „siener" ingeroep om te help met die opsporing van die kroningsklip wat, na vermoed word, deur Skotse nasionaliste van onder die troon in Westminster Abdy verwyder is op Kersdag.

Die Engelse heg groot sentimentele waarde aan die ou sandklip wat reeds vir meer as 600 jaar gebruik is by kroningsplegtighede. Dit het voorheen aan die Skotte behoort, en na vermoed word, is die klip deur lede van die Skotse volksbeweging verwyder.

Scotland Yard was skoon dronkgeslaan deur die verdwyning van hierdie klip wat 'n paar honderd pond weeg en waarvan geen spoor gevind kan word nie ondanks die groot besorgdheid van die koning. Ten einde raad het hulle nou die aanbod aanvaar van 'n Hollandse „siener", Piet van der Hurk (beter bekend as Hurkos) om hulle by te staan met sy bonatuurlike gawe waarmee hy glo reeds in Holland gehelp het om misdade op te klaar.

„Ons sal alle hulp tot jou beskikking stel indien jy kom", het die Britse speurdiens se uitnodiging gelui.

Na-Oorlogse Rigtings

ANDER LANDE SLAAN 'N SELFSTANDIGE KOERS IN

Die na-oorlogse klimaat is alweer aan verander. Die versameling van histeriese gevoelens, anti-Duits, anti-Nazi, anti-nasionaal-sosialisties, anti-Fascisties aan die een kant en aan die ander kant proalles - wat - die - Engelsman - *cricket* - beskou, is aan die wegvloei. Daaroor word weinig trane gestort. Tereg ook.

OU VRAAGSTUKKE HERRYS

Die publiek het vergeet dat 'n militêre oorwinning 'n hele hoop mense die skrik op die lyf kan jaag maar weiniges sal bekeer. In elk geval is veldhere wat vraagstukke van die dag met hul wapens oplos, nog soek. In sommige opsigte het die wêreld al wyser geword deur die skokkende ervarings van gister, maar baie van die kardinale probleme staan nog steeds op hul oplossing en wag.

Effens ontvrore van die onmiddellike wurggreep van Wêreldoorlog II neem die ideologiese strominge nou weer elk hul koers.

SUID-AFRIKA SE SIEKTE

Ons in Suid-Afrika ly nog steeds aan die ou siekte: **'n onvermoë om die werklike waarde van die Britse lewensbeskouing met alles wat hy meebring te takseer, sy beperkings te besef en ook daarbuite lig te gaan soek. Selfs onder ons goeie republikeinse Afrikaners, persone wat die diepste ideale van die Afrikaner deelagtig is, leef nog altyd die soms halfbewuste en altyd onredelike aanname: dat die militêre oorwinnings van die Britse wêreld 'n ongunstige oordeel oor die korrektheid van die staats- en ander beskouings van die nie-Britte uitgespreek het.** Boonop is ons Afrikaners dikwels nie slegs pro-Brits georiënteer nie, maar boonop pro-Britse Eilande in die enge sin van die ‚gallant little island' agter die ‚white cliffs of Dover.'

NAGEAAPTE SNOBISME

Die verspotheid gaan dan sover dat ons selfs ons wyse(?) neuse vir dieselfde dinge waarvoor ons Engelse geestelike pleegouers dit sou doen, optrek. Dan verskyn sulke siektesimptome: dat die rubriekskrywer van 'n eerbiedwaardige Afrikaanse en republikeinse dagblad uit die hoogte die meerderwaardigheid van die Westminsterparlement vergeleke by die kinderagtige presidensiële stelsel van die Verenigde State bespreek.

Dan gaan ons verder en raak neerbuigend teenoor allerlei mense van wie nòg ons nòg die Engelsman iets verstaan, omdat hulle nie op Engelse patroon geknip is nie. So kan ons dan ligte grappies om die skemerkelkies hoor van die wispelturige **Latins** of die ‚pop-republiekies' van

Deur J. de Vos

Suid-Amerika. Intussen kwyn ons weg in die snobistiese omarming van ons Klein-Westminster in die parlementsgebou van Kaapstad, volleerd in eie oë.

IETS TE LEER BY ANDER LANDE

Nietemin is dit nodig dat ons besef dat alle lande nie aan dieselfde leiband as ons loop nie. Dat die strominge van vandagse wêreld met 'n nuwe eie siening en moed deur ander lande aangepak word. Ons toestande hier te lande is anders en ons hoef geen land blindelings na te aap nie. Maar kennis van wat elders, ook buite die Ryk (of Gemenebes of wat ookal) gebeur, kan ons heelwat help.

ARGENTYNSE VERWIKKELINGS

Een van hierdie lande waar 'n frisse, opwekkende luggie trek is byna 'n buurstaat: Argentinië. Heel onlangs het die Ambassadeur van die Verenigde State in Argentinië hom in sterk taal uitgelaat oor die bewondering wat hy vir die huidige Perónbewind koester en sy oortuiging te kenne gegee dat die beleid van die Argentynse regering deur die oorgrote deel van die bevolking gesteun word. Hy het sy spyt oor die oordrewe kritiek van sekere persorgane in die V.S.A. uitgespreek en bygevoeg dat dit skyn asof dié persmanne in die eerste plek hewiglik belangstel in die vryheid van die pers en alle ander sake daaraan ondergeskik ag.

As dit by sulke klagtes oor persverslae kom is dit sekerlik maklik vir enige nasionaalgesinde Afrikaner om mee te praat. Perón het dan ook reeds verskeie maatreëls geneem wat sy landgenote mag waardeer maar wat elders weinig genade vind.

PERÓN SE MAATREËLS

Hy het doelbewus buitelandse kapitaalkragte wat in die hande van sterkgroepe was, uitgekoop. Dit geld bv. die eienaarskap van die spoorweë, 'n probleem wat ons nie in Suid-Afrika het nie. Hy het opgetree teen die wêreldbekende dagblad La Prensa en ander Argentynse publikasies en hom aldus die ongeneëntheid van sekere oorbekende liberale groepe op die hals gehaal. Intussen kry hy in geen publikasie aan my bekend gunstige publisiteit nie. Die beste wat onder my aandag gekom het was sekere artikels in Switserse tydskrifte, wat nie so danig deur die eilandelike isolasie van Engelse skrywers beklem word nie.

DIE REGVERDIGE STAAT

Iets wat my besondere aandag getrek het, was 'n toespraak van Perón voor die federale komitee van die Argentynse Federasie van Arbeid. Daarin sit hy, soos ook te wagte is, sy hele standpunt oor die verhouding van die arbeider tot die res van die nasionale ekonomiese bouwerk uiteen. Die hele rede bevat 'n deurdagte staatsbeskouing wat ewemin kapitalisties as Marxisties is. Die Argentyne noem dit ‚justicialism', die filosofie van die Regverdige Staat wat Perón probeer skep. Hy sien dit as 'n ewewigtinge, lewenskragtige staatsvorm wat op sy eie stoom sal kan voortgaan as dit eers gevestig is.

'N EIE ARGENTYNSE RIGTING

By 'n ander geleentheid kan hieroor uitgewei word. Dis egter duidelik dat Argentinië besig is om sy eie heil te vind. Die gedagtes word met deursettingsvermoë tot dade gebring. Hy volg sy eie doelbewuste koers en word algemeen as die sterkste moondheid in Suid-Amerika beskou.

WAT VAN DIE AFRIKANER?

Sal dit ons in Suid-Afrika nie pas om terug te keer tot die drang tot verset wat gespreek het uit die woorde en geskrifte van leidende Afrikaners, sommige van wie tans Ministers 's, in die Eeufeesjaar 1938 nie? Is ons ingenomenheid met wat

(vervolg in volgende kolom)

SOOS BROERS VAN EEN HUIS

„Die atmosfeer is dié van 'n groep groot broers wat huistoe gekom het van oorsee en nou gedagtes rondom die tafel wissel", het een van die afgevaardigdes na die onlangs gehoue Empire-konferensie in Londen gesê, volgens die Amerikaanse blad Time.

Dit was die vierde konferensie sedert die oorlog, en te oordeel na die verwyt van die Unie se verteenwoordiger, dr. T. E. Dönges, aan die Iere omdat hulle nie ook meedoen nie, skyn dit of Suid-Afrika hierdie broederlike byeenkomste nogal geniet.

200 S.A. Jode Na Israel

Van die 150,000 Jode wat verlede jaar na Israel verhuis het, was slegs 200 uit Suid-Afrika afkomstig. Aan die ander kant verklaar die Joodse amptelike blad, Israel Travel News, dat Suid-Afrika die „maksimum binne sy vermoë gedoen het" tot die bevryding van Sion.

Sedert die totstandkoming van die staat Israel twee en 'n half jaar gelede het reeds meer as 500,000 Jode daarheen verhuis. Na verklaar word is daar in die Arabiese wêreld alleen om en by die 1,000,000 Jode wat hierdie jaar na Israel wil trek.

(vervolg van vorige kolom)

ons is en wat ons het werklik so groot as wat dit soms uit die toesprake van sommige politieke leiers skyn te wees?

Staatkundig het die Afrikanerdom homself nog nie gevind nie en die Britse propaganda, hetsy vriendskaplik of andersins, maak ons wys dat ons niks meer het om te wen nie. Gaan ons dit sluk? En verteer?

SPYT OMDAT IERE BUITE EMPIRE IS

Spyt oor die afwesigheid van Ierland uit die Britse Statebond is deur dr. T. E. Dönges uitgespreek by geleentheid van sy besoek aan die Ierse hoofstad verlede week.

„Ons betreur dit natuurlik dat ons nie nog 'n bondgenoot in ons rade het nie, veral noudat getrouheid aan die kroon nie langer 'n voorwaarde vir lidmaatskap van die Statebond is nie," het dr. Dönges aan Ierse persmanne gesê. „Ons het bv. 'n republikeinse staat (Indië) as 'n volwaardige lid. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind nadat Ierland uit die Statebond getree het."

Op 'n vraag oor republikanisme in Suid-Afrika het dr. Dönges gesê dat geen republiek uitgeroep sal word voordat die kiesers 'n besliste opdrag daaromtrent gegee het nie. **So 'n opdrag sal definitief nie tydens die lewe van die huidige parlement gevra word nie.**

DIE O.B., WOENSDAG, 24 JANUARIE 1951

KINDEROFFERS

Suid-Afrika se grootste bekommernis is vandag dié in verband met die handhawing van 'n blanke bevolking. Trouens, die belangrikste politieke twispunte is op hierdie vrees ingestel. Die afgelope week nog weer het die Kaapstadse kampvegters van die twee hoofpartye swaarde gekruis oor die vraagstuk van immigrasie. Albei aanvaar die noodsaaklikheid van 'n groter blanke toevloei van uit die buiteland, en elkeen verwyt die teenparty dat hy verantwoordelik is vir die afname in die immigrasiestroom, veral vanuit Brittanje.

Van Afrikanerkant word die standpunt gehandhaaf dat nuwe inkomelinge liefs moet kom uit die lande van ons voorvaders sodat ons volkskarakter sover as moontlik bewaar kan bly. Dit is 'n standpunt wat gelukkig verlede week nog deur min. J. G. Strydom onderskryf is en wat gerusstellend afsteek by die pogings van sommige ander regeringsmondstukke om die Engelse tot die oortuiging te bring dat daar geen diskriminasie teen Britse immigrante is nie. **Ons meen dat die Afrikaner die volste reg het om die bevolkingsverhouding wat die Smutsbewind kort na die oorlog doelbewus met grootskaalse Britse immigrasie probeer wysig het, te handhaaf ook sover as wat dit immigrasie aangaan.**

Maar immigrasie is nie die enigste en ook nie die beste middel om 'n bevolkingsaanwas te verseker nie. **Vir ons volk van nog nie eers anderhalf miljoen nie is dit van die grootste belang dat die hoofnadruk op voortplanting moet val.** Omstandighede het die Afrikaner in die verlede in die opsig begunstig. Die Afrikaner was hoofsaaklik tot die platteland beperk waar groot gesinne vroeër die reël was en selfs vandag nog baie gunstiger vergelyk met dié van stedelike gebiede. Dit is om die rede ook te verwelkom — hoewel dit in ander opsigte te betreur mag wees — dat groot getalle Afrikaners vandag na die noordelike gebiede verhuis waar hulle baanbrekerswerk doen en gevolglik weer 'n lewe voer wat bevorderlik vir groot gesinne is.

AGTERUITGANG

Maar hierteenoor staan die feit dat die Afrikaner in die Unie in die afgelope jare 'n groot verskuiwing na die stede ondervind het, en reeds kan die uitwerking hiervan waargeneem word in die syfers wat so pas deur die sensuskantoor voltooi is. Dit is reeds vyf jaar oud, en weerspieël dus nie die huidige posisie nie, maar dit gee reeds genoegsame aanduiding van die agteruitgang wat daar in die kort bestek van tien jaar plaasgevind het. **Soos verlede week in Die O.B. aangetoon was daar 'n aanmerklike krimping in die belangrikste ouderdomsgroep aan Afrikanerkant. Teenoor 'n styging van 32 persent by die Engelssprekendes in die onder-sewe-groep, het die Afrikaanssprekendes maar met iets meer as 23 persent toegeneem in die jare tussen 1936 en 1946.** Ons twyfel nie daaraan nie dat die bevolkingsopname van hierdie jaar, waarvan die uitslag ongelukkig nie voor oor vyf jaar bekend gemaak sal word nie, 'n skok vir die Afrikaner sal inhou wat so pas in die dagbladpers gelees het hoe voor die wind dit met sy voortplanting gaan. Soos ons verlede week aangetoon het, is die prentjie heeltemal skeef. Die te wagte vergroting van die Afrikaanse voorsprong sal maar van tydelike aard wees. **Die syfers van 1946 toon dat die maksimumkoers van voortplanting by die Afrikaner reeds in die jare voor 1936 bereik is — dit wil sê vyftien jaar gelede. Wanneer ons wetgewers oor vyf jaar tot ontnugtering kom, sal twintig jaar van skade reeds aangerig wees.**

DIE OORSAKE

Die vraag kom natuurlik op wat daaraan gedoen kan word om hierdie proses van agteruitgang te keer. 'n Ondersoek na die faktore wat vir die geboortedaling verantwoordelik is, mag nuttig en miskien noodsaaklik wees. Die belangrikste rede daarvoor skyn nie soseer moderne opvattings oor geboortebeperking te wees nie, as die knellinge van die stadslewe self.

Daar is die beperkte salarisse en lone van die meeste stedelike broodwinners in 'n tyd van stygende lewenskoste wat swaar belaai word deur elke kindertoevoeging. Maar een van die belangrikste faktore sal ongetwyfeld wees die woningtoestand. **Onder die stelsel van woningbelasting wat vandag in ons groot stede in swang is, word daardie deel van ons bevolking wat nog die drang na kinderrykdom het, gedwing om 'n kind of meer aan die belastinggod te offer vir die voorreg om 'n dak bo die kop te hê. Dit is nie te sterk uitgedruk as daarop gelet word dat jong getroude pare wat vandag 'n huis koop (of huur) 'n addisionele bedrag van enigiets van £4 per maand net aan stadsbelasting vir hulself of hul huiseienaar moet bybring nie. Hierdie dwase stelsel van ouerbelasting — want dit is die getroudes wat huise bewoon — word gehandhaaf selfs waar ons groot stede vandag die stadium bereik het waar hierdie kinderoffers nie meer toereikend is vir die — so dikwels spandabele — begrotings nie.**

Daar is verder die onnatuurlike woonstel-lewe waarheen al meer en meer Afrikaners hul toevlug neem in 'n tyd van woningskaarste. Waar daar in sulke gevalle nog

(Vervolg in volgende kolom)

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Twee Soorte agressors

As ek moet oordeel na koerantberigte wat afkomstig is uit die hoofstede van die demokratiese volke, en wat voorgee om die gevoelens van die regerings van daardie volke te vertolk, dan moet ek aanneem dat die hele demokratiese wêreld daarvan oortuig is dat kommunistiese Sjina, op aandrang van Rusland, 'n agressor is. En nogtans vind die regering van die Verenigde State van Amerika dit uiters moeilik om sy demokratiese mederegerings oor te haal om kommunistiese Sjina openlik tot agressor te verklaar! Waarom sou dit wees? Sou die lande van die Britse Statebond, byvoorbeeld, onwillig wees om kommunistiese Sjina 'n agressor te noem omdat hulle weet dat Rusland die eintlike agressor is en dat Sjina maar sy handlanger is? Indien dit so is, dan moet hulle tog bereid wees om Rusland as 'n agressor te brandmerk. En dit is nie die geval nie. Trouens die Eerste Ministers van die Britse Statebond het onlangs nog in Londen samesprekings en onderhandelings met kommunistiese Rusland bepleit — hulle het Rusland nie as agressor verdoem nie!

Is daar dan twee soorte agressors — die Nazi-agressors en die kommunistiese agressors? Hoe is dit dan dat die Nazi-agressors verfoei, verpletter en uitgeroei moet word terwyl die kommunistiese agressors nie eers genoem mag word nie?

Bevoorregte Behandeling vir Stalin

In die laaste tye is die groot verskil tussen die behandeling wat Adolf Hitler in die jare voor 1939 en daarna van die demokratiese wêreldleiers en -pers ontvang het en die behandeling wat Josef Stalin vandag ontvang besonder opvallend.

Hitler se strewe was om alle Duitsers in die Derde Duitse Ryk te verenig. Toe Tsjeggo-Slowakye en Pole s.i. 'n belemmering vir hierdie strewe was, het hy die een geannekseer en die ander een binnegeval. Toe het die hele demokratiese wêreld hom 'n agressor genoem wat oor die aardbol heerskappy wil voer; oorlog teen hom verklaar; sy volk probeer uitwis; sy stede uit die lug aan brand gesteek; sy politieke volgelinge sowel as professionele soldate doodgeskiet en aan die galg opgehang. Daar is nooit een enkele verskoning vir Hitler aangevoer nie en niks was vir hom en die Duitse volk te sleg nie.

Vandag erken almal dat Josef Stalin die hele wêreld wil oorheers — trouens hy heers reeds oor die helfte van die aardbol. Hy het reeds meer mense met wreder geweld verower as enige ander tiran wat ooit voor hom geleef het. En tog is dieselfde mense wat oor mekaar se voete geval het in hulle haas om Hitler 'n agressor te noem, nog steeds onwillig om Stalin as 'n agressor te brandmerk en te verfoei. Waarom? Omdat hulle vir hom bang is? Nee. In 1939 was die demokrate net so bang vir Hitler as wat hulle moontlik vandag vir Stalin kan wees.

Ek wil herhaal: Stalin streef doelbewus na wêreldheerskappy. Hitler het nooit daarna gestreef nie. Stalin se kanse om wêreldheerser te word, is 'n praktiese moontlikheid. Hitler se kanse op wêreldheerskappy het nooit verder gekom as die hersenskim van sy vyande nie. Vir elke druppel bloed wat Hitler vergiet het, het Stalin 'n paar emmersvol vergiet. Vir elke Jood wat Hitler van sy politieke vryheid in Duitsland beroof het, het Stalin duisende nie-Jode van al hul vryhede beroof. As Hitler 'n duiwel was, dan is Stalin ongetwyfeld Beëlsebul.

Hitler, Stalin en die Jode

In die lig van hierdie feite wonder ek waarom Stalin nie vandag dieselfde en nog erger behandeling kry as wat Hitler vóór 1939 gekry het nie.

In daardie jare is die haatpropaganda in die demokratiese lande teen Hitler en die Duitse volk onvermoeid uitgemaal totdat die betrokke volke opgesweep was tot 'n histeriese woede teen Nazi-Duitsland. Dit was die voorbereiding vir die oorlog teen Hitler — die sogenaamde duiwel. Maar hoe lyk die voorbereiding vir die oorlog teen Stalin — wat dan Beëlsebul is? Daar is geen haatpropaganda nie. Geen histeriese woede word aangeblaas nie. Inteendeel. Stalin word voorgestel en behandel soos 'n fatsoenlike man wat bietjie onredelik handel. Terwyl Hitler verkleinerend „korporaal" genoem was, word Stalin vererend „maarskalk" genoem. Daar word na allerlei formules gesoek om sy agressie nie agressie te noem nie en vergesogte argumente word aangevoer om sy optrede, so nie te vergoeilik nie, dan tog sielkundig te „verklaar." Waarom is Stalin dan so 'n bevoorregte vyand? Is dit omdat daardie „mal man" Hitler die onvergeeflike fout gemaak het om anti-Joods te wees? En omdat Stalin 'n vriend van die Jode is?

Die Demokrate Bly Verdeeld

Die nie-kommunistiese lande bly nog steeds in vier groepe verdeel: Amerika en sy vriende wat openlik vyandig is teenoor kommunistiese Rusland en sy satellietlande; Brittanje en sy vriende wat naïef genoeg is om in vrede met die kommunisme te wil leef; Indië en sy Asiatiese vriende wat so seer die ondergang van Europa begeer dat hulle openlik toegewings aan en konsiliasie met die kommuniste bepleit; en die uitgeworpenes, waaronder Duitsland, Spanje, Japan, en die Sjinese onder Chiang-Kai-shek, wat nog nie demokraties genoeg is om toegelaat te word in die verdeelde anti-kommunistiese kringe van die demokrate nie.

Ek beskou hulle verdeeldheid as die vernaamste swakheid van die demokratiese volke. Voortvloeiend uit hul verdeeldheid is hul onvoorbereidheid wat ongetwyfeld hul tweede swakheid is. As die demokratiese volke 'n suksesvolle stryd teen die kommuniste wil voer, sal hulle alle volke wat anti-kommunisties is as gelykwaardiges en vriende moet aanvaar ten einde die maksimale anti-kommunistiese eenheid te verkry. As hulle dit nie doen nie, sal hulle nog in hulle hand huil oor hulle dwase kortsigtigheid.

'n Tweede Front

Ek herinner my nog hoe hard die kommuniste tydens die tweede wêreldoorlog geskree het dat die Britte en die Amerikaners 'n tweede front in Europa moet open omdat die Duitsers hulle alte seer slaan op die oos-front. En ek herinner my ook hoe nors Stalin teenoor sy „bondgenote" was omdat Churchill en Roosevelt daardie tweede front nie gou genoeg na sy sin geopen het nie. En dit was ook daardie tweede front wat op die Franse kus geopen is wat die einde was van Duitsland en die begin was van die derde wêreldoorlog.

Want die kommuniste het nie verniet so gekerm oor die tweede front nie. As die Britte en die Amerikaners net stilgesit het en niks gedoen het nie, sou die Duitsers die kommuniste verslaan het. Dan kon die Britte en die Amerikaners aan 'n uitgeputte Duitsland vredesterme dikteer het en was 'n derde wêreldoorlog teen Rusland geheelenal uitgeskakel. Die opening van daardie tweede front op die Franse kus was 'n daad van ongeëwenaarde dwaasheid en die niksvermoedende volke van Churchill en Roosevelt sal ongetwyfeld in die bloed en trane en ellende van nog 'n oorlog moet betaal vir die onredelike Hitlerhaat van hul destydse oorlogsleiers.

Nou lyk dit vir my asof daar vandag weer 'n dwaasheid begaan word — om nie 'n tweede front in Sjina te open nie. Op die eiland Formosa staan die Sjinese anti-kommunistiese leier Chiang-Kai-chek met duisende Sjinese soldate gereed om na die vasteland van Sjina oor te steek om hul vaderland van die kommuniste te bevry — indien die Amerikaners en die Britte skepe en wapentuig vir die onderneming wil verskaf. Hulle wil dit egter nie doen nie. In die Koreaanse skiereiland daarteenoor jaag die Sjinese kommunistiese soldate die V.V.O.-magte voor hulle uit totdat laasgenoemdes waarskynlik noodgedwonge sal moet duinkerk. Maar die verligting wat die opening van 'n tweede front in China kan bring word nie aangegryp nie. Waarom nie? Ek weet nie.

Reklame vir die Parlement

Verlede Vrydag was dit 'n hele gedoente in Kaapstad toe die Parlement weer 'n slag geopen is. Die gewone Kapenaar het soldate en matrose en perderuiters gesien en talle blink motors met deftige dames en here daarbinne. Altans dis wat ek gesien het. Maar die koe-

(vervolg op bls. 3 kol. 1)

(Vervolg van vorige kolom)

geld en begeerte vir groot gesinne aanwesig is, maak die woongeriewe selfs 'n enkele kind 'n saak van onhoudbaarheid.

HERSKEPPING NODIG

Dit is duidelik dat hierdie faktore wat knaag aan ons volksbestaan nie besweer kan word met mooi toesprake op volksfeeste of met manhaftige beloftes in tye van verkiesings nie, en nog veel minder met parlementêre sittings waar partye hul strydbyle vir MEKAAR slyp nie. Dit vereis kragtige en doelgerigte optrede deur die volk as geheel — dit wil sê gesamentlike optrede van volk en regering. Dit vereis tot 'n groot hoogte die herskepping van ons ekonomiese en bestuurstelsels — veral ook wat betref ons stede.

So nie, is ons besig om nie vir óns nageslag te veg nie, maar vir dié van ander lande.

Tering Verskuif Uit Europa Na Suid-Afrika

'n Studie van tuberkulose in dertig lande van die wêreld deur dr. John McDougall, hoof van die tuberkuloseafdeling van die Wêreld-gesondheidsorganisasie, het openbaar dat die siekte veral in die Verenigde State, Nu-Seeland, Holland en Denemarke so aanmerklik verminder het dat indien die huidige daling volgehou word, tuberkulose teen die einde van die eeu net so 'n seldsame siekte as melaatsheid sal wees.

In sekere lande is die tuberkulose-sterftesyfer egter nog besonder hoog. In Portugal is dit 148 per 100,000 van die bevolking en in Finland 156 per 100,000.

Dr. McDougall toon egter aan dat die siekte nie eweredig onder 'n volk versprei is nie, maar dat enkele kolle soms byna uitsluitend verantwoordelik is vir die sterftesyfer. So bv. is 'n enkele streek in Skotland wat minder as een-derde van die bevolking bevat, verantwoordelik vir meer as die helfte van die land se sterftes aan tuberkulose.

Die syfers wat dr. McDougall vir die dertig lande openbaar, toon dat die tering-toestand in Suid-Afrika beslis veel ernstiger as in Europa is. Die sterftesyfer in Suid-Afrika is 170 per 100,000 van die bevolking — vergeleke met 156 in Finland, wat deur die verslag as die land met die hoogste sterftesyfer genoem word. In die Unie is die siekte ook tot 'n paar groot sentra beperk — Durban met 'n sterftesyfer van 382 per 100,000, Oos-Londen met 457, Port Elizabeth met 482 en Kaapstad met 320 — almal meervoudig hoër as enige Europese stad.

Eis Diskriminasie Teen Afrikaners

'n Voorstel waarin by die Rhodesiese regering aangedring word om „strenger maatreëls betreffende die toelating van Suid-Afrikaanse burgers van Afrikaanse afkoms tot die kolonie toe te pas ten einde veiligheid te verskaf teen pogings om Suid-Rhodesië by 'n Suid-Afrikaanse republiek in te lyf," is deur die Sons of England in Bulawayo aangeneem.

VOLKSTELLING IN MEI

'n Algemene volkstelling is bepaal vir 8 Mei hierdie jaar. Gewoonlik word daar elke tien jaar 'n algemene volkstelling gehou en elke vyf jaar 'n telling van blankes, maar op versoek van die V.V.O. wat graag 'n wêreldvolkstelling wil hê, het die regering besluit om hierdie keer ook die nie-blankes te tel. Dit kom hom ook te pas met die oog op die instelling van 'n volksregister.

Die vorige algemene volkstelling het in 1946 plaasgevind.

Ilse Koch Vir Lewe Gevonnis

Ilse Koch, weduwee van die voormalige Duitse kampkommandant van Buchenwald, is verlede week deur 'n Duitse hof in Augsburg tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel weens misdade wat sy in die kamp sou bedryf het. Sy het geweier om haarself te verdedig en tekens van kranksinnigheid geopenbaar wat psigiaters beskryf het as „tydelike waansin veroorsaak deur 'n skuldige gewete." Ander het beweer dat sy haarself maar net kranksinnig hou ten einde los te kom.

Die Amerikaanse owerheid het haar verlede jaar uit die tronk vrygelaat nadat 'n hersieningsraad van die leër bevind het dat die getuienis teen haar dat sy „kampbewoners uitgesoek het om doodgemaak te word terwille van hul velle" nie aanvaar kan word nie.

SIEKTE EN DOOD TREF KOMMANDO

Middelburg (Tvl.)—Kapt. H. F. Slegtkamp (generaal) is vir geruime tyd al ongesteld en was vir die meeste van die tyd bed-leênd. Hy het mediese behandeling ondergaan maar is al meer as 'n week in die plaaslike hospitaal waar hy verpleeg word. Die vuur, wat so kenmerkend is van hierdie stryder, het nog nie verdoof nie. Kapt. Slegtkamp is nog die vurige Boerespioen en Brandwag. Ons wens hom dus 'n spoedige en algehele herstel toe, want hy is vir ons nog onmisbaar.

Op Saterdag, 6 deser, het 'n skokkende ongeluk in ons dorp plaasgevind, toe Brandwag Hans van der Bank met sy ligte afleweringswa in botsing gekom het met 'n kar. Hy, sowel as sy dogtertjie wat langs hom gesit het, is uitgeslinger, met die gevolg dat sy kwaai beseringe opgedoen het, maar hy is so ernstig beseer dat hy binne 'n driekwartier beswyk het, pas nadat hy tot die hospitaal toegelaat was.

Hy is op Maandag, 8 deser, onder blyke van geweldige belangstelling ter aarde bestel.

Hy was nog altyd lid van ons kommando (behalwe gedurende die jare van vervolging, toe hy maar saam met ons ondergonds moes gaan) en die kommando sal hom mis uit sy geledere.

Ons kommando gaan nog voort met ons maandelikse samekomste, wat gewoonlik plaasvind op die eerste Woensdagaand van elke maand, en ons is besig om geld in te samel vir Amajubadag. Amajubadag sal, D.V., gehou word by die huis van mnr. Luitingh (Hoofkommandant) op Dinsdagaand, 27 Februarie.—(Korr.)

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

rante het vertel van 'n nuwe Goewerneur-Generaal; 'n nuwe Speaker; nuwe ministers; 'n nuwe Opposisieleier; nuwe senatore; nuwe volksraadslede; nuwe amptenare; nuwe banke; nuwe bekleedsel; nuwe rokke en nuwe hoede; nuwe streepbroeke; nuwe wetsontwerpe; 'n nuwe lollery van die Opposisie om die regering se keuse vir Speaker te opponeer; en glo nog ander nuwighede ook, waaraan ek nie nou kan dink nie.

Wat egter oud en m.i. verouderd is, is die parlementêre stelsel van regering deur een party en opposisie deur 'n ander party. Ewe ouderwets en vir Suid-Afrika betekenloos is die parlementêre prosedure wat stiptelik nagevolg word en wat honderde jare gelede in Engeland ontstaan het.

Wat sou die doel wees van die reklame en die skouspel wat met die opening van die parlement gepaard gaan? Dit moet seker dien om die volk te beïndruk met die waardigheid en die mag van die parlement. Ek glo nie dat die doel gedien word nie. Die ewige party-rusies wat in die parlement botvier vernietig die indruk van waardigheid. En die onopgeloste probleme, wat dikwels die gewone man en vrou aan die eie persoon raak, wek twyfel oor die mag van die parlement.

Gaan Geen Verligting Gee Nie

Ek het aan 'n vurige regeringsondersteuner gevra of hy dink dat die parlement wat nou net vergader het die lewenskoste gaan verlaag en die belastings gaan verminder. Hy was eerlik genoeg om prontuit te sê: Nee. Hy het toe vir my beduie dat die parlement die volk moet dien en nie persone nie. Maar ek is mos nie Hoggenheimer nie — ek is mos die volk, het ek vir hom terugbeduie. En op die oomblik kan die parlement vir my, d.i. die meerderheid van die lede van die volk die beste dien deur die lewenskoste te verlaag. En as hy dit doen, sal ek vir hom respek hê sonder dat hy vir my hoef te imponeer met 'n praal-opening.

PROFESSOR LEER BYE SE TAAL

'n Man wat daarop aanspraak maak dat hy die taal van bye geleer het, het so pas 'n boek uitgegee waarin hy interessante mededelings doen oor wat binne en rondom die byekorf plaasvind. Hy is Duitse professor Karl von Frisch van die Universiteit München. Volgens hom het die bye 'n definitiewe taal waarmee hulle presiese aanduidings aan mekaar gee in verband met die plek en rykdom van blomme.

In elke byekorf, so verklaar die professor, is daar 'n aantal bye-verkenners wie se taak dit is om nuwe stroopbronne te ontdek. Hulle kan besonder goed sien hoewel die kleure vir hulle nie in alle opsigte dieselfde is as vir die menslike oog nie. 'n By het nie 'n besonder goeie reukorgaan nie, en verlaat hom vir die ontdekking van blomme op sy oë, maar sodra hy by 'n blom kom, word hy deur die geur van die blom gelei na die kelkies wat die nektar bevat. Met sy hoog ontwikkelde smaak kan hy presies vasstel wat die suikergehalte van die blom se nektar is. Hy stel geen belang in 'n suikergehalte van 5 persent nie, is tevrede met 20 persent en baie geesdriftig wanneer die nektar 40 persent suiker bevat. Sodra hy hierdie feit vasgestel het, merk hy die blom met sy eie reuk uit 'n klier aan sy lyf, neem 'n eksemplaar van die nektar en sit af na die korf waar hy die nuus meedeel.

DANSTAAL

By wyse van langdurige proefnemings het professor Von Frisch 'n deel van die bye-taal ontsyfer en kon hy vasstel dat 'n bye-verkenner kan bekend maak watter soort blom dit is, hoe ver dit van die korf af is en in watter rigting. Sodra hy die nes binnekom, bestyg hy 'n stuk heuningkoek en begin dans. Sy maats betas hom dan en vind deur middel van hul reukorgane uit watter soort blom dit is. Die res van die beskrywing verneem hulle uit die gebare van sy dans. links beweeg, al op dieselfde plek, verduidelik hy dat die bron naby die korf is. Is die heuningbron meer as 100 tree van die korf af, draf hy vorentoe, steek vas en draai om onderwyl hy sy maag van kant tot kant beweeg. Hoe nader die heuning, hoe vinniger is sy bewegings. Om dit vas te stel, het die professor verkennersbye op verskillende afstande van die nes af gevoer en dan hul bewegings binne-in die nes dopgehou. Hy het bevind dat wanneer hulle van nege tot tien volledige dansbewegings in 15 sekondes maak, dit beteken dat die blomme 100 tree ver is; sewe bewegings beteken 200 tree en 4½ bewegings 1,000 tree.

DUI RIGTING AAN

Die by is ook in staat om die rigting van die blomme aan te dui deurdat hy blykbaar weens die inrigting van sy oog by magte is om die posisie van die son vas te stel op grond van die rigting waarin die lig gepolariseer word — dus ook op bewolkte dae. Wanneer hy dans, dui hy die rigting aan. Beweeg hy loodreg teen 'n koek op, weet die ander bye dat hulle reg in 'n lyn met die son moet vlie, terwyl 'n vertikale beweging van sê 60 persent teen die koek op, beteken dat hulle in 'n rigting van 60 grade links van die son moet vlieg. Proefnemings het bewys dat bye selde verder as 15 grade met hul rigting uit is.



Waar u ook mag wees

Kommando

is die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret



GI-3050-Af

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

HUISHOUDSTER GEVRA

Benodig huishoudster vir klein gesin. Kennis van kook en naaldwerk 'n aanbeveling. Aanvangsalaris £10 per maand. Vry inwoning. Meld ouderdom en sluit getuigskrifte in. Skryf aan „Die O.B.", Posbus 1411, Kaapstad. 24/1/2

TE KOOP GEVRA

Stuur al u afval Koper (enige vorm) aan I. M. Prinsloo, Pretoria Noord Stasie. Ons betaal 6d. per lb. op u stasie onmiddellik na ontvangs. 24/1/6B

TE KOOP

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

PLANNE OM GELD TE MAAK

225 Planne om geld te maak. Toon hoe u maklik in u vrye tyd geld kan verdien. Gefrankeerde koevert besorg gratis inligting. Skryf aan:— Posbus 16, O.B., Robinson. Tvl. 17/1/6

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435



„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."

SAAL GEVRA

Nuwe of goeie tweedehandse „Cowboy"-saal, stuur volle besonderhede en prys aan: S. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad. 10/1/2B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

Antigrys herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteure:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEëLS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

WIE SAL WEN AS TWEE MASJIENE SKAAKSPEEL?

Wetenskaplike Sê Die Een Met Meeste Ervaring

Die moontlikheid dat die wetenskap beelde van mense kan maak wat nie net soos mense kan „dink" en handel nie, maar wat inderdaad deur eie ondervinding kan leer en hul „verstand" verbeter, word deur wetenskaplikes in die vooruitsig gestel.

Standpunte oor die vermoë van elektroniese „breinmasjiene" is onlangs ingeneem deur twee vooraanstaande deskundiges op hierdie gebied.

Dr. Claude Shannon het die mening uitgespreek dat dit teoreties moontlik is om 'n masjien te bou wat 'n volmaakte skaakspel sal kan speel — dit wil sê veertig stote vooruit kan bereken — maar dat dit prakties nie uitvoerbaar is nie weens die tyd wat dit in beslag sal neem. Dit sal makliker wees om 'n masjien sover te kry om 'n redelike goeie spel te speel deur drie stote vooruit te bereken en strikke van die teenstander te vermy. So 'n masjien sal nie senuweeagtig of uitgeput raak nie, maar dit sal tekortskiet aan genoegsame verbeelding en die waardevolle eienskap van die mens om deur middel van ondervinding te leer.

„BAASSPELER"

Hierdie mening word deur dr. J. Bronowski van Brittanje betwis. **Hy sê dat 'n masjien gebou kan word wat in staat sal wees om deur eie ondervinding te leer net soos 'n mens. Dit kan 'n geheue van onbeperkte vermoë gegee word sodat hy elke stoot van alle spelle wat hy speel, sal kan onthou. Deur die stote dan te rangskik sal hy kan vasstel watter die mees geslaagde was. Wanneer hy uiteindelik sy geheue volgeprop het met die feite, sal hy 'n baasspeler wees met 'n eie styl.**

Wanneer twee sulke masjiene aanmekaar spring met 'n skaakbord tussen hulle, sal die masjien met die meeste ondervinding wen.

WORD NIE OUD NIE

In die menslike lewe, aldus dr. Bronowski, word rypheid altyd deur die verlies van ander kragte belemmer. Die masjien, daarenteen, sal steeds meer bekwaam word weens ondervinding, en daarby nog sy ander vermoëns behou. **Die masjien bereik rypheid sonder om oud te word, en verbeter dus voortdurend. Die oudste masjien sal dus altyd wen solank daar geen werktuigkundige tekortkoming is nie.** Hy glo ook dat alle goeie masjiene onderhewig aan senuwee-instortings sal wees.

PERSMAN BEINDRUK

'n Verteenwoordiger van die Daily Express wat so pas 'n konferensie van 300 elektroniese deskundiges en 'n tentoonstelling van hul prestasies in Parys bygewoon het, het tot die oortuiging gekom dat menslike masjiene met 'n eie persoonlikheid wat 'n toestand kan opsom, 'n beslissing daarvolgens kan neem en dit dan uit te voer, wel moontlik is.

Sommige van die masjiene wat hy gesien het, is reeds in staat om te „dink" en dit laat hom glo dat masjiene met supermenslike vermoëns eersdaags moontlik sal wees.

LEER SOOS 'N HOND

„Cora", bv., 'n skilpadagtige skepping wat toertjies maak, het die vermoë om deur ondervinding te leer soos 'n hond. By die flits van 'n lig vang „Cora" se gevoelige oë die ligstraal op en sy beweeg in die rigting daarvan. „Sy" sal 'n fluitjie wat onmiddellik na die lig geblaas word, verontagsaam, maar na twintig herhalings reageer „Cora" op die fluitjie alleen.

'n Eienaardigheid van „Cora" en ander derglike masjiene is dat hulle aan die bewe gaan wanneer iets met hul „verstand" verkeerd gaan. **Die Amerikaanse uitvinder, prof. Wiener, het in dié verband gesê dat hul gedrag ooreenkom met dié van mense wat sekere senuwee-siektes opdoen. Dokters meen dan ook dat 'n studie van hierdie menslike masjiene se „senuwees" hulle sal baat by die hantering van die menslike brein.**

Prof. Wiener stel ook in die vooruitsig masjiene wat akkurate weervoorspellings en selfs voorspellings van ekonomiese toestande sal kan doen.

Oom Hendrik Cadle Oorlede



In die ouderdom van 88 jaar 2 maande en 9 dae is op 3 Januarie te Brakpan oorlede die ou vader Henry Edwards Cadle, vader van genl. E. B. Cadle. Op die 5de is hy begrawe op sy plaas Twyfelfontein in Natal. Oom Hendrik, soos almal hom geken het, is gebore op die plaas Weltevrede in die Umvoti-distrik. Hy was uit die 1820 Setlaars aan vaderskant afstammig en sy moeder was Martha, 'n dogter van die ou Voortrekker Johannes Bruwer. Hy was 'n hartstogtelike O.B. en volgeling van dr. Hans van Rensburg. As een van die grondstigters van die ou Nasionale Party in 1912, was hy altyd sterk republikeins en anti-Brits, daarby het hy ook sterk godsdienstige oortuigings en het hom nooit geskaam daarvoor waar hy ook gegaan het nie.

Die begrafnisrede is waargeneem deur ds. H. J. Moolman van Estcourt, bygestaan deur ds. E. C. Kriel van Weenen.

Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

.....

.....

.....
Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

RYS NET OP SWARTMARK

Tensy Sjina in Suidoos-Asië toeslaan, sal daar hierdie jaar aansienlik meer rys vir die Weste beskikbaar gestel word. Na berig word, sal Agter-Indië in die omgewing van 300,000 ton— of ses maal die gemiddelde uitvoer van die afgelope drie jaar — vir die buiteland beskikbaar hê. Birma en Siam tesame sal meer as 2,000,000 ton rys uitvoer.

In Suid-Afrika was rys in die afgelope tyd net op die swartmark bekombaar. **Die vasgestelde prys is 8½d. per pond in die kleinhandel, maar in Durban was die enigste rys — in nogal aansienlike hoeveelhede— by Indiërs op die swartmark teen 3/- per pond te koop, terwyl pryse op die Kaapse swartmark tussen 2/- en 2/6 wissel.**

Die Indiërs het daarin geslaag om op die een of ander manier 'n swartmark-monopolie ten opsigte van hierdie voedselsoort te verkry. Waarom Suid-Afrika 'n tekort aan rys moet hê, is nie duidelik nie, want ons buurstaat, Portugees-Oos-Afrika, het volop rys.

WAAROM MOTORISTE VERBLIND WORD

Waarin skuil die oplossing van die vraagstuk nagverblinding?

Dr. A. W. S. Sichel, president van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika en voorsitter van die mediese onderkomitee van die Nasionale Padveiligheidsorganisasie, meen dat die vraagstuk van nagverblinding deur motoriste op die pad nooit so bevredigend opgelos sal word dat verblinding nie meer 'n gevaar of tenminste 'n ongerief vir die motoris sal wees nie.

Dr. Sichel verklaar dat die bespreking van die probleem gewoonlik uitsluitlik oor die meganiese aspek gaan en dat die menslike faktor geheel-en-al uit die oog verloor word.

Hy wys daarop dat die menslike oog twee baie duidelike en afsonderlike instellings het; die een vir die sien in die daglig en die ander vir sien in die nag; en dat die tyd wat 'n gesonde oog neem om aan te pas van donker- na ligomstandighede en omgekeerd, aansienlik verskil by verskillende indiwidue.

As 'n mens in die donker bestuur, kan die felheid van die naderende lig die proses van aanpassing van die retina so affekteer dat die persoon vir die oomblik feitlik „blind" is en as dit gebeur, is daar net een weg om te volg — die bestuurder wat tydelik verblind word moet dadelik sy spoed verminder of liewer stilhou.

Dr. Sichel meen dus dat by al die pogings wat tans aangewend word om die meganisme van die voertuig volmaak te kry, die indiwidu opgevoed moet word om hierdie menslike en baie belangrike aspek van die probleem behoorlik te verstaan.

Ander Se Menings

SUID-RHODESIË AS VYFDE PROVINSIE VAN UNIE

„Dit is weer sterk onder die aandag van die minister van kolonies gebring dat daar 'n referendum van die blankes in die twee kolonies gehou moet word en dat dié volkstemming oor drie aparte vrae moet gaan: Is jy ten gunste van federasie met Noord-Rhodesië en Niasaland?; Is jy ten gunste van aansluiting by die Unie van Suid-Afrika as 'n vyfde provinsie?; Is jy ten gunste van die handhawing van die status quo? Dit sal aan die bevolking 'n goeie geleentheid bied om hul politieke wense uit te spreek," skryf The Rhodesian Monthly Review van November 1950 met verwysing na die voorgenome konferensie van amptenare insake federasie.

„Dit is al meermale deur sir Godfrey Huggins gesê," gaan die blad voort, „dat ons al reeds 'n referendum oor aansluiting by die Unie gehou het en dat dit in 1922 afgehandel is. Dit, tussen hakkies, is slegs 'n halwe waarheid. In die eerste plek, ten tyde van die referendum, het die land maar 'n klein blanke bevolking gehad met geringe ontwikkeling. Die stemming het aangetoon dat daar 8,774 ten gunste van Verantwoordelike Regering was en 5,989 ten gunste van aansluiting by die Unie. Daar sal opgemerk word dat die totale aantal kiesers wat aan die stemming deelgeneem het 14,763 was plus 93 wat hul stembriefies bederf het. Vandag sal dit 'n ander storie wees. Die kieserstal sal in die omgewing van sewentig- of tagtigduisend wees indien 'n referendum teen die einde van volgende jaar (1951) gehou word.

DIE SWART NOORDE

„Verder: In 1922 was daar wat bestempel kan word as slegs 'n handjievol Afrikaners in die land, terwyl hulle vandag nie baie minder as die helfte van die bevolking uitmaak nie. In elk geval is hier genoeg van hulle om enige volkstemming te beïnvloed. Dit is waar dat alle Afrikaners nie noodwendig vir aansluiting by die Unie sal stem nie, maar dit is eweneens juis om te beweer dat daar 'n aansienlike mate van Engelse mening ten gunste van die Unie is as gevolg van hul vrees wat van Rhodesië gaan word. Hulle gee voorkeur aan die Malan-poging om 'n ‚Wit Afrika' te vestig.

„Alles in aanmerking geneem, is dit glad nie so seker dat 'n referendum aansluiting met die Swart Noorde sal voorstaan nie en dit mag ons na die Unie van Suid-Afrika neem," aldus The Rhodesian Monthly Review.

WIT AFRIKA

„Daar moet in gedagte gehou word dat in die dae van die groot propaganda voor die jare 1922 oor die vraag van ‚Home Rule' versus die Unie, wyle sir Chas. Cochlan en ander leiers van die Responsible Government Association dit bo enige twyfel gestel het dat ‚Rhodesië uiteindelik by die Unie sal aansluit, maar hy moet dit doen op sy eie voorwaardes.'

„Daardie tyd het die bevolking van Noord-Rhodesië nie aan enige vorm van amalgamasie gedink nie. Jare voordat die referendum gehou is (1910) is daar voorsiening in die Uniewet gemaak vir die uiteindelike insluiting van Suid-Rhodesië—en Suid-Rhodesië was hierin verteenwoordig deur die administrasie van die British South Africa Company.

„Ons eis nie dat hierdie Kolonie by die Unie van Suid-Afrika moet aansluit nie; maar ons sê met die grootste nadruk dat dit oneindig beter is dat ons by die Unie moet aansluit as by die Swart Noorde. As ons dan 'n verandering in ons grondwet moet maak, laat dit in die rigting van 'n Wit Afrika wees."

adv. Pirow se Nuusbrief.

„Sy jongste voorstel byvoorbeeld wou Suid-Afrika aan 'n bespreking van die geskil tussen Indië en Pakistan oor die Kashmir-vraagstuk laat deelneem. Gelukkig het 'n kabel van Suid-Afrika hierdie gevaarlike voornemens die nek ingeslaan. Laat Suid-Afrika net één keer sy neus in die huishoudelike moeilikhede van die twee Koeliestate steek en die deur staan wa-wyd oop vir laasgenoemdes om hulle met ons interne aangeleenthede te bemoei. Ons is seker dat dr. Malan reeds bitter spyt voel dat hy hom laat gebruik het om Indië as lid van die Statebond te behou.

„Dr. Dönges was tot sover nie baie gelukkig oorsee nie. Niemand het verwag dat hy op die Kleurlingkonferensie van Lake Success iets sou uitvoer nie en sy mislukking in hierdie opsig sal nie teen hom tel nie. Maar wat wel onvergeeflik was in verband met sy optrede voor die V.V.O. was die geesdriftige wyse wat hy hom met die kriminele voorstel vereenselwig het om die Italiaanse kolonie, Somalieland, onder Hailee Selassie te plaas. Dit lyk asof die Gesuiwerdes nie gou genoeg van hulle oorlogsverlede kan wegkom nie. Ook dr. Geyer, die Unie se Hoë Kommissaris in Londen, maak gedurig toesprake om te bewys hoe anti-Duits die Regering ook as opposisie was. Kan of wil hierdie mense nie begryp nie dat hierdie soort optrede niemand beïndruk nie? Hulle teenstanders lag vir hulle en hulle vriende voel diep beskaamd."

Vinniger Bom Vi Spuitvliegtuie Nodig

Wapendeskundiges van die Amerikaanse vloot is tans besig om 'n afweerwapen af te rond waarmee snelvliegende spuitvliegtuie getref kan word. Hulle werk aan 'n uitvinding van die Duitsers waarmee gedurende die oorlog reeds proefnemings gemaak is, maar wat nie voltooi is nie. Die Duitsers het gevind dat hulle 'n projektiel teen hoë snelheid met groot akkuraatheid so ver as 60 myl kon skiet met 'n kanon sonder groewe in die loop. Dit is nie 'n vuurpylwapen nie, maar dit kan tweemaal so vinnig trek as die vinnigste bestaande kanonkoeël. Huidige lugafweer-koeëls trek teen 'n snelheid van 3,500 myl per uur, en word nou as te stadig beskou vir spuitvliegtuie wat teen 800 myl per uur op groot hoogte deur die lug woerts.

„Dönges Onder Invloed Van Empire"

„Die Ministers is meestal stil — selfs mnr. Eric Louw swyg amper en skep asem vir die groot pratery wat voorlê. Dr. Dönges, wat, soos ons voorspel het, dr. Malan op die Statebondkonferensie in London verteenwoordig, het blykbaar ook al 'n bietjie onder die Empire-invloed gekom," skryf

STEEDS MEER VROUE WERK

Hoë lewenskoste en belasting in die Westerse lande veroorsaak 'n steeds groter toestroming van vroue tot die arbeidsmark. In Suid-Afrika is jonggetroude huisvroue al amper 'n seldsaamheid. Vir die eerste paar jaar van die getroude lewe is die vrou ook maar broodwinner, en in toenemende gevalle keer vroue met jong kindertjies terug tot die arbeidsmark.

Volgens amptelike syfers is byna een-derde van Brittanje se werkers vroue — wat aansienlik meer is as op enige tydstip tydens die oorlog toe vroue die plekke van soldate in fabrieke en ander noodsaaklike dienste moes inneem. In die afgelope jaar alleen het die aantal vroue wat werk met 160,000 toegeneem.

Atoombom Kan As Taktiese Wapen Teen Russe Geld

'n Aanbeveling dat die atoombom nie net as strategiese wapen teen burgerlikes gebruik moet word nie, maar dat die ou soort bom waarmee die twee Japanse stede Hirosjima en Nagasaki gebombardeer is, teen troepe-sametrekkings gebruik moet word, word deur sekere militêre raadgewers van die Verenigde State se leër gedoen.

Genl. Garvin, 'n voorstander van hierdie gedagte, meen dat een van hierdie verouderde bomme 'n hele divisie kan uitwis as dit op 'n hoogte van 2,000 voet ontplof word. Hy meen verder dat die radio-aktiwiteit wat deur die ontploffing vrygestel word, nie langer as 'n paar minute aanwesig sal wees nie, sodat dit troepe in staat sal stel om kort na die ontploffing vorentoe te beweeg.

Een so 'n bom, is volgens sy berekening so kragtig as 8,000 middelmatige artillerie-bomme, en bied die antwoord vir die Russiese oorlogsmetode om sonder in aanmerking van menselewens groot massas soldate in 'n geveg te stoot — 'n metode wat ook deur die Russiese handlangerstate nagevolg word.

Wolwinste Verdubbel

Die wolwinste van Australië vir die eerste ses maande van die seisoen het meer as verdubbel. Dit beloop £270,000,000, wat 117 persent meer is as die ooreenkomstige tydperk van die vorige seisoen, en staan gelyk aan 94 persent van die hele woltjek van die vorige seisoen.

NUGTERHEID

„Wat 'n mens ook al mag dink van die bewind in Spanje, hierdie trotse en dapper volk moet ingesluit word by die geheel sonder om langer te wag. Wat ook al van eeu tot eeu gebeur het, is dit 'n feit dat Duitsland die hart van Europa is en dat die posisie aan die Elbe eis dat Duitsland moet deelneem," het genl. De Gaulle, leier van die Franse volksbeweging in 'n toespraak gesê.

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

WAARDEVOLLE VRAG VEREIS SPESIALE HOUERS



Dis uiters onverstandig om spaarsaam met verpakkingsmateriaal te werk te gaan. Die Spoorweë sal elke pakket met die grootste versigtigheid behandel. Dit sal ewenwel hul taak vergemaklik as elke pakket behoorlik geadresseer en verpak is. Swakkerige kartondose en sorglose verpakking . . . lok net MOEILIKHEDE uit.

ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK

—*ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

CP1

Switserse Staatstelsel

RUSTIGE REGERING WAAR PARTYPOLITIEK MAKEER

Onderstaande beskrywing van die staatstelsel van Switserland in Forward herinner nogeens aan die feit wat so baie al in Die O.B. beklemtoon is, dat die Britse parlementarisme nie die enigste vorm van demokrasie is nie. Dit toon tewens dat 'n afwyking van die Britse partystelsel nie eens noodwendig nader aan 'n diktatuur hoef te skuif nie, daar die Switserse stelsel inderdaad verder van 'n diktatuur af staan as die Britse met sy „tirannie van die koukussweep". Die opsomming lui:

Hoewel weinig bekend, is die Switserse parlementêre stelsel wel deeglik werd om bestudeer te word. In Switserland, wat die Switsers bestempel as die oudste demokrasie in die wêreld, ontvang lede van die parlement geen betaling nie; 'n gewone burger kan 'n parlementêre besluit omver laat werp en partypolitiek is feitlik heeltemal onbekend. Daar is een eienaardige anakronisme in hierdie vooruitstrewende stelsel — vroue het nie die stemreg nie.

Die Switserse kiesers stel net soveel belang in landsake as die enige lid van die parlement, en politici van ander lande word dikwels getref deur die gewone man se besondere kennis van openbare sake. Hy is verantwoordelik vir die regering van sy land, want as hy 'n wetsontwerp afkeur en 30,000 ander kiesers stem met hom saam, word die saak beslis deur middel van 'n volkstemming. Wat meer is, daar is altyd 'n tydperk van vertraging voordat 'n wetsontwerp wat deur die parlement aangeneem word, wet word ten einde die kieser tyd te gee om die implikasies daarvan te oorweeg. Sekere wetsontwerpe, soos die wat handel oor die grondwet, word regstreeks na die kiesers verwys. Sodoende berus die laaste woord oor alle sake by die Switsers self en nie by hul verteenwoordigers nie — en dit is die grondliggende beginsel van die Switserse stelsel.

KAN WETTE INDIEN

'n Groep van 50,000 kiesers het ook die reg — soos lede van die parlement — om wetsontwerpe voor te stel.

In sommige dele van Switserland word die ou Landsgemeinde of buitelug-raadsvergadering nog elke jaar gehou. Alle kiesers daag op om hul raadslede aan te wys en hul wette te maak. Daar word gestem met die opsteek van hande.

Waar hierdie gebruik as gevolg van 'n toename van die bevolking uitgesterf het, word nog van die kieser verwag om sy standpunt by wyse van 'n volkstemming te gee.

GRATIS DIENSTE

Aangesien dit as sy plig beskou word om die volk te verteenwoordig, betaal die Switsers nie hul parlementslid nie. Die enigste bewilligings wat hy ontvang is gratis tweedeklas-reiskaartjies na en van Bern, die setel van die regering, en 'n toelaag om sy uitgawes te dek solank die parlement sit. Aangesien die parlement gewoonlik vier keer in die jaar sit en 'n sitting van twee tot drie weke duur, moet hy nogal aansienlike geldelike opofferings maak.

Die parlement bestaan uit twee kamers — 'n volksraad met 194 lede wat gekies word op die grondslag van een lid vir elke 22,000 inwoners, en 'n staatsraad, wat 'n kleiner liggaam is en die Switserse kantons verteenwoordig.

GEEN PARTYPOLITIEK

Die federale raad, wat dwarsleur die jaar in sitting is, is die enigste regeringsliggaam waarvan die lede betaal word. Dit is die uitvoerende raad en aan sy hoof staan die president wat sy amp 'n jaar lank beklee. Elk van die sewe federale raadslede staan aan die hoof van 'n departement en is regstreeks aan die parlement verskuldig.

Partypolitiek speel nie veel van 'n rol in die Switserse regering nie. Dit is grootliks so omdat die parlement nooit ontbind word voor sy vier jaar om is nie. 'n Nederlaag van die regering veroorsaak nie 'n krisis nie, aangesien die parlement saamgestel is uit groepe wat kakerings van menings vereenwoordig eerder as opgestelde politieke programme.

Toesprake in die Switserse parlement verskaf baie selde opspraakwekkende koerantberigte. Hulle word gekenmerk deur hul kalmte en ordelikheid en daar word weinig beroep op sentiment gedoen.

TEN SPYTE VAN

Aangesien Duits, Frans en Italiaans die drie amptelike tale in Switserland is, is buitengewone vertalingsgeriewe, net soos dié in gebruik by die Verenigde Volke-organisasie, in die parlement aangebring.

Switserland is miskien die enigste land ter wêreld waar die regering eerder deur die volk as deur die parlement gerig word — maar dit het geslaag. **En dit het geslaag ten spyte van taal- en politieke moeilikhede en ten spyte van talryke vraagstukke van 'n klein landjie wat van die buitewêreld afhanklik is van sy bestaan.**

Totsover die opsomming in Forward. Die verskil tussen die staatstelsel van Portugal en Switserland is uiteenlopend. Eersgenoemde word deur die Britte by die diktature ingedeel omdat politieke partye daar afgeskaf is en die uitvoerende gesag met meer mag beklee is as in die Britse stelsel. **Maar die Portugese en dit Switserse stelsels het dit in gemeen dat daar „kalm en ordelik" regeer word sonder opspraakwekkende persberigte en beroepe op sentiment — want in afwesigheid van partye is dit die regering se taak om te regeer en nie om propaganda te maak nie.**

Duitsers Heeltemal Gelikwideer In Oos-Pruise

Die Geallieerdes het Oos-Pruise na afloop van die oorlog aan Josef Stalin present gegee as blyk van erkenning vir sy bydrae tot die „bevryding" van die wêreld en die redding van die Christendom.

Hierdie „geskenk" het nie deel gevorm van die stuk Duitse gebied ten ooste van die Oder-Neisse-lyn wat aan Pole present gegee is in ruil van die stuk Poolse grondgebied wat Josef Stalin in 1939 ingepalm het nie, en was ook nie ingesluit by daardie deel van Duitsland wat deur Harry Truman en Clement Attlee aan „premier" Stalin toevertrou is met die doel om die Duitsers „voor te berei vir die uiteindelike herskepping van hul lewe op 'n demokratiese, vreedsame grondslag, sodat hulle te gelegenertyd hul plek tussen die vrye, vreedsame volke van die wêreld kan inneem" nie.

DUITS VERBIED

Duitse vlugtelinge uit daardie deel wat heeltemal van die res van die wêreld afgeskei is, vertel dat die hoofstad, Kaliningrad (voorheen Königsberg) nie herbou word nie, maar 'n nuwe nywerheidstad op die patroon van die groot Amerikaanse stede opgerig word.

Van die voormalige bevolking van Oos-Pruise is nog net 100,000 Duitsers oor van wie 20,000 in Kaliningrad woon. Die eenmaal welvarende landboustreke is vervalle met slegs 16,000 boere op gemeenskaplike plase en 'n paar staatseiendomme. Die res van die land lê onbewerk. Sonder uitsondering is elke kerk in Oos-Pruise gesluit en godsdiensoefening is heeltemal verbode. In die skole vind onderrig net deur middel van Russies plaas. Selfs Duitse opskrifte op grafstene is verbied.

DOBBELNES

Verskilende fabrieke vir oorlogsproduksie is in die gebied opgerig.

Die aangrensende stad Stettin word ook nie herbou nie. 'n Nuwe stad, wat 'n kombinasie is van Danzig, Zoppott en Gdynia het tot stand gekom. Dit is tans 'n luukse plesieroord waar geld vryelik vloei in nagklubs en dobbelsale. Die vernaamste ondersteuners is hooggeplaaste Kommunistiese amptenare van Pole en ander „volksdemokrasieë" wat hulle oorgee aan brassery en wellus wat enigiets van die aard in kapitalistiese lande oorskadu.

Die ongeveer 4,500 Duitsers wat in Stettin oorgebly het, werk vir die Russe teen baie lae lone.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

MILJOENÊRS HOU VAN BAIE MOTORS

'n Kykie in die oorweelderige bestaan van miljoenêrs is die afgelope week deur twee verskillende blaaie verskaf. Die Cape Times berig van 'n Britse Miljoenêr wat na die Kaap gekom het en gee onder meer die volgende beskrywing van sy leefwyse:

„Hy het 'n groot voorliefde vir motors. Tot omtrent drie maande gelede het hy 12 gehad, maar sy vrou het hom oorreed dat dit 'n onnodige groot getal is. Gevolglik het hy sy vloot tot agt verminder. Hy verseker my dat al agt in gebruik is.

„Gedurende sy besoek van 'n paar weke aan die Unie sal hy vier van die motors gebruik, waaronder twee Rolls-Royces wat aanstaande week sal aankom, en twee nuwe motorkarre wat vir hom wag in Bulawayo. Hy word vergesel van sy vrou en drie kinders en sy swaer.

Sy huis naby Oxford bestaan uit 108 vertrekke . . . "

„KLEIN" MOTORTJIES

Die Amerikaanse blad Time verwys na 'n gerug omtrent 'n Amerikaanse miljoener, Joseph Davies: „Davies sou so pas 'n vloot van sewe nuwe Cadillac-motors gekoop het. Toe hy deur koerantmanne te Tregaron, sy vryheerskaplike landgoed in Washington, opgesoek is, het Davies die hele saak opgeklaar. Hy het gesê: **‚Ek het vier klein motortjies gekoop om petrol te bespaar. Myne is 'n Chrysler of Cadillac, ek weet nie seker watter van die twee nie. Ek kan maar sê daar is 'n hele paar Cadillacs gekoop — nuwe motors spaar regtig petrol.** Ons het vier of vyf klein motortjies gekoop, ek is nie seker watter soort nie, maar nie heeltemal net vir onsself nie. Ons het 'n groot personeel.'

„Presies hoeveel motors besit hy allestesame? **Joe Davies het ongeduldig geantwoord dat hy nie weet nie en dat hy sy boekhouer sal moet vra."**

Ons koop by hulle wat in ons blad adverteer

SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .

'n Operasie was dringend nodig!



Dit het alles so skielik gebeur— Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

● **Hoe sou *U* in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.
Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

Daar is altyd uitkoms by Sanlam!

SANLAM

Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.
Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.

NAAM: .....
ADRES: .....
.....
Beroep:..... *Ouderdom volgende Verjaarsdag*..... C2